# SINKRETISME, AKKULTURASIE EN SEKULARISASIE AS PROBLEME IN DIE SENDING, MET BESONDERE VERWYSING NA DIE SIONISME IN SUID-AFRIKA

WERKSTUK VOORGELê IN DIE VIERDE STUDIEJAAR VIR DIE GRAAD THEOLOGIAE BACCALAUREUS, IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

W I L L E M   V O G E L   Th. B. IV

Onder leiding van   PROFESSOR I J VAN DER WALT

Potchefstroom - 1981

# I N H O U D S O P G A W E


1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING.
2. DEFINIëRING VAN BEGRIPPE.
2.1 SINKRETISME.
2.2 AKKULTURASIE.
2.3. SEKULARISASIE.
2.4 SENDING.

3. VERDERE OMSKRYWING VAN BEGRIPPE.
3.1 DIE BEGRIP "SINKRETISME".
3.1.1 DIE AGTERGROND VAN SINKRETISME.
3.2 SINKRETISME IN DIE OPENBARINGSGESKIEDENIS.
3.2.1 VOORBEELDE UIT DIE OU TESTAMENT.
3.2.2 VOORBEELDE UIT DIE NUWE TESTAMENT.
3.3 SINKRETISME IN DIE GESKIEDENIS.
3.4 SINKRETISME EN AKKULTURASIE.
3.5 SEKULARISASIE EN DIE SEKULARISASIEPROSES.
3.6 SENDINGVOORWERPE EN DOEL.

4. DIE KONTAK TUSSEN DIE BLANKE EN BANTOE IN SUID-AFRIKA AS BOTSING VAN TWEE KULTURE.
4.1 DIE EERSTE- OF PREKONTAKFASE.
4.2 DIE TWEEDE- OF BREë KONTAKFASE.
4.3 DIE DERDE- OF VERSTEDELINGSFASE.
4.4 DIE VIERDE- OF REAKSIEFASE.
4.4.1 DIE REAKSIE OP GODSDIENSTIGE GEBIED.
4.5 DIE INVLOED VAN DIE STADSLEWE OP DIE BANTOE.

5. WAT GEBEUR WANNEER VERSKILLENDE KULTURE MET MEKAAR IN KONTAK KOM.

5.1 IDEë OORDRAG EN GEDRAGSVERANDERING.

5.2 STEURNIS IN DIE PERSOONLIKHEIDSTRUKTUUR VAN DIE INDIVIDU.

5.3 STEURNIS VAN DIE VOLKSKORPUS VAN DIE GROEP WAT DIE VREEMDE KULTUUR OORNEEM.

5.4 KULTUUROORNAME EN MAATSKAPLIKE ONTBINDING.

5.5 REÏNEGRASIE TOT 'N NUWE EENHEID.

5.6 FAKTORE WAT DIE VERLOOP VAN AKKULTURASIE BEÏNVLOED.

6. DIE TRADISIONELE GODSDIENSTIGE BESKOUING VAN DIE SWARTMAN IN SUID-AFRIKA.

6.1 GELOOF IN 'N OPPERWESE.

6.2 DIE WESE VAN DIE GODSBEGRIP IN AFRIKA.

6.2.1 DIE INHOUD VAN DIE GODSNAME.

6.2.2 DIE WESE VAN DIE HOOGSTE GOD.

6.3 ELENKTIESE PROBLEME RONDOM DIE GODSBEGRIP.

6.3.1 DIE OORSPRONG VAN DIE GODSIDEE?

6.3.2 DIE OORSAAK VAN DIE VERVREEMDING VAN GOD.

6.3.3 GAAN DIT OM GOD OF 'N AFGOD?

6.4 GELOOF IN BYKOMENDE GODE.

6.5 GELOOF IN GEESTE.

6.6 GELOOF IN VOORVADERGEESTE (MANISME).

6.6.1 DIE MANIFESTASIE VAN DIE VOORVADERGEESTE.

6.6.2 VORME VAN VOOROUERVERERING.

6.6.3 MANISME EN MISTIEK, LYDING EN LEED.

6.6.4 WIE KWALIFISEER OM VOOROUERGEESTE TE WEES?

6.6.5 ELENKTIESE LYNE M.B.T. DIE MANISME.

6.7 MAGIE.

6.7.1 MAGIE EN RELIGIE.

6.8 MEDISYNE.

6.9 MEDIUMS EN WAARSêers, REëNMAKERS, PRIESTERS EN PROFETE, REGEERDERS.

6.9.1 MEDIUMS EN WAARSêERS.

6.9.2 REëNMAKERS.
6.9.3 PRIESTERS EN PROFETE.
6.9.4 REGEERDERS.

7. DIE PRIMITIEWE WêRELDBESKOUING VAN DIE BANTOE.
7.1 LEWENSKRAG AS FUNDAMENTELE BEGRIP.
7.2 LEWENSGROEI.
7.3 LEWENSINVLOED.
7.4 LEWENSRANG.

8. ENKELE ANDER ASPEKTE VAN DIE RELIGIEUSE GELOOFS-WêRELD VAN DIE BANTOE.
8.1 DIE BEGRIP "SIEL".
8.2 DIE DOOIES EN DIE DODEWêRELD.
8.3 GEESTE EN DEMONE.
8.4 TABOE.
8.5 TOTEMISME.

9. DIE SIONISME AS VOORBEELD VAN SINKRETISME, SEKULARISME, SEKULARISASIE EN AKKULTURASIE.
9.1 WAT IS SIONISME?
9.2 ELEMENTE VAN DIE BANTOEGODSDIENS IN DIE SIONISTIESE GROEPE.

10. DIE PRIMITIEWE LEWENS- EN WêRELDBESKOUING VAN DIE SIONISME.
10.1 LEWENSKRAG AS FUNDAMENTELE BEGRIP.
10.1.1 HOUDING TEENOOR GOD EN GEBEDE.
10.1.2 ETIEK.
10.2 LEWENSINVLOED.
10.2.1 TOORDOKTER EN PROFEET.
10.2.2 GEBED.
10.2.3 NAME.
10.2.4 DOOP.

10.2.5 HANDOPLEGGING.
10.2.6 DANS EN BESWERING.
10.3 LEWENSRANG.
10.3.1 GROEPSBELANG.
10.3.2 LEIERSKAP EN WETTE.
10.4 DIE MENS AS SENTRUM.

11. DIE SENDINGBENADERING IN HIERDIE TYD.
11.1 VERKONDIGING VAN DIE KONKRYK WAT REEDS GEKOM HET.
11.2 CHRISTELIKE VOORBEELD.
11.3 DIE BENADERING.
11.3.1 VOORUITGANG MOET BEVORDER WORD.
11.3.2 VERANTWOORDELIKHEIDSBESEF.
11.3.3 DIE BANTOE-BYDRAE IN DIE KONINKRYK VAN GOD.

12. DIE GRONDSLAG VAN DIE SENDING.
12.1 DIE BYBEL EN DIE BANTOE.
12.2 WAT DIE BYBEL IS.
12.3 KOMMUNIKASIE MET DIE BANTOE.
12.4 KERK EN BYBEL ONDER DIE BANTOE.
13. AANKNOPINGSPUNTE VIR DIE EVANGELIE BY DIE BANTOE.
14. DIE GEESTELIKE TOERUSTING VAN DIE SENDELING VIR SY TAAK.
15. TEN SLOTTE.
16. LITERATUURSLYS.

## 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die veld wat in hierdie referaat gedek gaan word, is sinkretisme en akkulturasie. Daarmee saam moet sekularisasie noodwendig ook aan die orde gebring word. Maar om bloot 'n studie van bogenoemde verskynsels te maak, sonder om die gevaar daarvan vir die sending duidelik te onderstreep, is van geen waarde nie. Omdat al drie begrippe in meerdere of mindere mate by die Sionisme teenwoordig is, is dit noodsaaklik om ook aan die praktiese uitlewing daarvan by die Sionisme, aandag te gee.

Die werkswyse is dus as volg: Eers word die begrippe duidelik ontleed en omskryf, dan volg praktiese voorbeelde en laastens word aandag gegee aan die sendingopdrag te midde van bogenoemde verskynsels.

## 2. DEFINIëRING VAN DIE BEGRIPPE

### 2.1 SINKRETISME

Sinkretisme is die resultaat of waarneembare reaksie wat tot stand kom gedurende 'n proses van kulturele reïnterpretasie deur 'n gemeenskap ten einde eksterne nuwighede sinvol te verwerk. Kulturele reïnterpretasie is ten nouste verbonde met die verskillende aspekte

van kultuurverandering en is veral waarneembaar op religieuse terrein. "Die resultaat is 'n kompromie tussen bekende en vreemde vorme." (Hanekom, 1975, p.12).

## 2.2 AKKULTURASIE

Akkulturasie verwys in die algemeen na kulturele verandering wat plaasvind wanneer twee volke of gemeenskappe, met betekenisvolle kultuurverskille, oor 'n lank tydperk intiem met mekaar kontak het. Dit is dus die proses waartydens die kultuurpatrone van volke, of segmente daarvan, onderhewig is aan 'n proses van verandering ten gevolge van sistematiese en aanhoudende beïnvloeding deur die kultuur van 'n ander volk.

## 2.3 SEKULARISASIE

Van Riessen (1971, p. 43 - 46) beskryf sekularisasie as 'n suiwer wêreldse kyk op die wêreld. Die mens se mag staan voorop. Sekularisasie is dus ten diepste verwêreldliking van die mens. Die wêreld word gesien as die enigste bestaande werklikheid. Sekularisasie is 'n toestand van die hele kultuur.

## 2.4 SENDING

Ds. J. W. Snyman (1936, p. 120) beskryf Christelike Sending as volg: "Christelike Sending is die

Evangelie werk (verkondiging) deur geroepe en afgesonderde Christelike manne aan nie-Christelike volke en stamme; en wel met die doel, om onder hulle selfbestierende, selfonderhoudende en selfuitbreidende Christelike Kerk te stig."

## 3. VERDERE OMSKRYWING VAN DIE BEGRIPPE

### 3.1 DIE BEGRIP "SINKRETISME"

Die term sinkretisme het sy oorsprong by Phitarchus in sy verhandeling oor "Broederliefde". Hy noem die verskynsel "sunkrêtismos", waar die Kretense, wat altyd onderling met mekaar geveg het, met mekaar saamgestaan het teen ꞌn gemeenskaplike bedreiging. Die woord het oorspronklik ꞌn politieke betekenis gehad. Met verloop van tyd het die woord ꞌn betekenisverskuiwing ondergaan. In die sewentiende eeu het die term veral op teologiese gebied in gebruik geraak. "... especially in those missionary and theological circles which are marked by a firm doctrinal consciousness, syncretism is taken in the sense of a systematic attempt to combine, blend and reconcile inharmonious, even often conflecting, religious elements in a so-called syntheses." (Kraemer, 1956, p. 392 & 393).

Hierdie term word ook gebruik vir minder opsetlike en bewuste vorme van vermenging van twee teenstrydige religieë byvoorbeeld die Christendom en die Sionisme.

Burger sê (1966, p. 104) die term "syn-cretism" is uit die Grieks afkomstig en dit beteken letterlik "together - crete - system" of "to federate". Sinkretisme wys op ŉ vermenging van die oue met ŉ seleksie van die nuwe deur die draers van die oue. ŉ Goeie voorbeeld is in die Rooms Katolieke lande van die nuwe wêreld, waar ŉ identifikasie van die tradisionele bonatuurlike wesens van Afrika in kontak gekom het met die Protestantisme, is die vorm van reïnterpretasie duidelik waarneembaar in die besondere siening en beklemtoning van die krag van die Heilige Gees.

Barnett (1953, p. 53) sien sinkretisme as die doelbewuste amalgamasie van kultuurelemente. Doelbewuste sinkretisme op religieuse terrein vind gewoonlik plaas in ŉ kontaksituasie, gekenmerk deur gedwonge akkulturasie en waar die Christendom as ŉ bedreiging beskou word vir die bekende in tradisionele geloofsbeskouinge. Soms ontstaan reaksionêre optredes. Spontane sinkretisme dui op die feit dat sinkretisme veral voorkom in

vrywillige akkulturatiewe situasies.

"Sinkretisme is die poging van die heidendom om homself te handhaaf teenoor die Evangelie, deur die Eva lie voor sy eie wa te span en in diens te neem. Sinkretisme word dus werklik aktief daar waar die ou religie bedreig word." (Van den Berg, 1966, p. 16 & 17).

3.1.1 DIE AGTERGROND VAN SINKRETISME

Die agtergrond van hierdie denke is 'n monistiese wêreldbeskouing wat die bestaande sien as 'n geheel, wat geordend is van hoog tot laag. As die godsdienste ingedeel word in openbaringsgodsdienste en die naturalistiese, dan kan gesê word dat in die naturalistiese godsdienste alle rites en kultusse dien tot selfhandhawing of selfverwerkliking.

Sinkretisme is inherent aan alle naturalistiese religieë. Die vraag na absolute waarheid is nie baie belangrik nie. Die boodskap van die Evangelie word in terme van die bekende lewensbeskouing geïnterpreteer.

3.2 SINKRETISME IN DIE OPENBARINGSGESKIEDENIS

Hier word slegs 'n paar voorbeelde genoem waar sinkretisme merkbaar is wanneer die Bybelse godsdiens met die naturalistiese religie in aanraking gekom het.

### 3.2.1 VOORBEELDE UIT DIE OU TESTAMENT

Die eerste teken van sinkretisme word opgemerk selfs voordat daar van hiedendom sprake was, nl. by Kain. Uit sy houding ten opsigte van sy offer blyk dit dat God verplig sou wees om sy rituele handeling te aanvaar. Ook uit die feit dat hy sy skuld ontken het, blyk sinkretisme duidelik. Kain se optrede is tipies heidense religieusiteit binne die kader van die diens aan die Here.

Nog ŉ voorbeeld is te vind by die diefstal van Laban se huisgode deur Ragel. (Genesis 31:19) Met die huisgode wou sy geluk vir haar huis verseker. Ook die geskiedenis van Balak en Bileam (Numeri 22 - 25) is ŉ voorbeeld van sinkretistiese gesindheid by laasgenoemde asof die vloek of seën op sigself effektief moet wees.

In die Rigter tydperk is daar talle voorbeelde van sinkretisme. Hier word volstaan met die geskiedenis van Gideon, onder andere die reaksie van die inwoners van Ofra nadat Gideon die heilige boomstam van Baäl afgekap het. (Rigters 6:30) Hoe ver sinkretisme in alle lae van die volk deurgedring het, blyk uit die

geskiedenis van Miga in Rigters 17. Die geld word aan die Here gewy om daarvan 'n gegote beeld te maak.

Die hele verdere verloop van die geskiedenis van Israel, soos in die boeke van Konings en die profete (veral Amos en Hosea) beskryf word, getuig daarvan dat hulle nooit die mag van sinkretisme kon ontkom nie. Die duidelikste voorbeeld van sinkretisme in die geskiedenis, is die gebeure wat gelei het tot die ontstaan van die Samaritane (II Konings 17:24 - 41). In vers 33 staan: "Hulle het die HERE gevrees en hulle eie gode gedien volgens die gebruik van die nasies waarvandaan hulle weggetrek het."

3.2.2 ENKELE VOORBEELDE UIT DIE NUWE TESTAMENT

Jesus lei die Samaritaanse vrou uit die heidens georiënteerde formalisme na die ware godsdiens. Hy sê aan haar: "Julle aanbid wat julle nie weet nie ..." (Johannes 4:22). Die apostels het ook met sinkretisme te doen gekry. In Handelinge 8:17 & 18 kom Petrus te staan voor Simon die Towenaar. Laasgenoemde sê: "Gee my ook hierdie mag ...." Hier kom die oeroue neiging om te wil beskik oor goddelike mag na vore. In Handelinge 19 word vertel van die rondswerwende Jode wat nie in God geglo het nie, maar

tog in Jesus se Naam duiwels wou besweer.

In Paulus se briewe aan die Kolossense en die Galasiërs blyk dit duidelik dat die wettisisme wat die gemeentes bedreig het, uit 'n sinkretistiese agtergrond kom. Paulus stel duidelik dat 'n terugkeer na die wet, 'n terugval na die heidendom is.

## 3.3 SINKRETISME IN DIE GESKIEDENIS

Die Gnostiek, 'n radikale vorm van sinkretisme, was die felste vyand van die suiwer Christelike leer in die eerste eeue na Christus. Hiervan is reeds in Timotheus 1:20 en I Johannes 4:1 - 3 sprake. Die Gnostiek is veral in die tweede eeu na Christus ontwikkel tot 'n grootse mitologies - filosofiese sisteem, waarin ook die Heilige Skrif ingesluit is. Die Mancheïsme is die mees uitstaande voorbeeld hiervan; (Kraemer, 1956, p. 331). Die tweede tot vierde eeue was die bloeityd van die sinkretisme. Die Christendom is tog nie in die draaikolk daarvan ingetrek nie. Die Rooms Katolieke Kerk is die resultaat van toegewings aan die Heidendom waaronder die jong kerk moes opgroei.

Waar ook al die Christelike geloof deur die eeue met die heidendom in aanraking gekom het, was daar by laasgenoemde ŉ misverstand van die boodskap wat tot ŉ mindere of meerdere mate van sinkretisme gelei het.

## 3.4 SINKRETISME EN AKKULTURASIE

Akkulturasie is die proses van vermindering van verskille tussen twee of meer kulture. Daaruit word dan ŉ "ander" kultuur gebore wat sinkretisties van aard is. Sinkretisme is die resultaat nadat die proses van akkulturasie al ver gevorder het. Akkulturasie word gekondisioneer sowel deur ŉ selektiewe aanbod as ŉ selektiewe aanvaarding. In Suid-Afrika byvoorbeeld stel die Blanke nie alles van sy kultuur beskikbaar vir oorname deur die Bantoe nie. Die Bantoe neem ook nie alles oor wat die Blanke kultuur aanbied nie. Dit wat egter oorgeneem word, word dikwels gereïnterpreteer, ten einde binne die nuwe kulturele milieu te pas. Dit is sinkretisme. Akkulturasie werk dikwels krisis situasies in die hand.

Daar moet ook kortliks aandag gegee word aan assimilasie. Akkulturasie is die relatief voortdurende interaksie tussen die draers van twee of meer verskillende

kulture. 'n Gegewe akkulturatiewe situasie is geen eindpunt nie, maar slegs 'n moment binne 'n onvoltooide en deurlopende gistingsproses. Assimilasie word beskou as 'n min of meer voltooide akkulturatiewe handeling. Die oorspronklike kultuur word geheel en al deur die dinamies vreemde kultuur vervang.

## 3.5 SEKULARISASIE EN DIE SEKULARISASIEPROSES

Die woord "sekularisasie" is van die Latynse woord "saeculum" afgelei en beteken "tydperk" of "eeu". In die Vulgaat kry die woord saeculum 'n betekenisvolle verandering, en word gebruik vir die Griekse woord kosmos, wêreld of aion. Dit staan dan in spanning tussen die wêreld waarin ons leef en die wêreld waartoe God ons roep. (vgl. Romeine 12:2). "Saeculum" is 'n dialektiese begrip, dit is die wêreld van God, Sy skepping, en tog ook die wêreld sonder God, die wêreld van eie magtigheid, van die vervreemding, die sonde en die dood." (Boshoff, 1958, p. 11). In die geskiedenis het die woord sekularisasie ook die betekenis van die onteiening van kerklike eiendom verkry.

Die sekularisasieproses wat sedert die Hervorming en Renaissance op dreef gekom het, het met die Franse Rewolusie en Aufklärung verskerp. Vanaf die twintigste eeu het die proses oneindig versnel. Professor H du Plessis sê (1966, p. 64 e.v.) dat die Hervorming en Renaissance die kultuur, wetenskap en tegniek vrygemaak het van Kerklike oorheersing sodat dit ŉ vrye ontwikkelingsloop gekry het. Dit is verder die kombinasie van die Westerse uitbreidingsmag, besit-honger, magswil en veral veranderingsdrif wat die Westerse kultuur uniek, en die afstand tussen hom en die primitiewe kulture so groot gemaak het.

Hierdie ontwikkeling bring mee dat die nuwe tyd besonderlik gekenmerk word deur die snelheid van diep ingrypende en soms selfs rewolusionêre veranderinge, wat so vinnig op mekaar volg, dat die wêreld steeds aan veranderings onderhewig is, en nooit tot rus en stabiliteit kom nie. Die ontwikkelingsproses is so enorm dat dit nie gestuit kan word nie, en niemand weet waarheen dit lei nie.

Die gevaar word steeds groter dat alle kultuuraktiwiteite bepaal word ooreenkomstig hulle vermoë om die

standaard van menslike welvaart en welsyn te verhoog. Daarvoor word God nie nodig geag nie. Die mens sal dit self deur sy kennis van sake, sy wetenskap en tegniek bewerkstellig. Daar is geen berusting in die wil van God nie. Altyd word daar maar weer na die oorsake van die onheil gesoek. Hierin verskil die ongelowige moderne mens prinsipieël nie van die primitiewe heiden nie, want albei laat God buite rekening.

Die vinnig veranderde gesekulariseerde wêreld dwing die primitiewe volke om as't ware vanuit die steentydperk meteens in die ruimte eeu te spring. Dit is baie duidelik dat die sekularisasieproses baie probleme vir die sending te weeg gebring het.

## 3.6 SENDINGVOORWERPE EN DOEL

Die voorwerpe van die sending is heidense volke en stamme wat buite die reeds gestigte kerke val. Dit sluit dus die primitiewe religieë in. Die doel van die sending is die stigting van 'n selfregerende, selfondersteunende en selfuitbreidende Christelike Kerk.

## 4. DIE KONTAK TUSSEN DIE BLANKE EN DIE BANTOE IN SUID-AFRIKA AS BOTSING VAN TWEE KULTURE, (VOORBEELD VAN AKKULTURASIE)

Die Blanke kultuur in Suid_Afrika is grotendeels gesekulariseerd. Tog is daar 'n groot deel van die Blanke bevolking wat Calvinisties en Protestants van aard is. Hierdie karaktertrek van die Blanke-kultuur het 'n baie belangrike invloed op die kultuurkontak en die daaropvolgende akkulturasie van die Bantoe uitgeoefen. Die kultuur kontak tussen Blanke en Bantoe het in vier fases plaasgevind aldus Boshoff (1958, p. 272 e.v.)

### 4.1 DIE EERSTE- OF PREKONTAKFASE

Blanke pioniers, jagters en reisigers kom op sporadiese wyse met die Bantoe in aanraking. Hulle het egter geen ingang van die Blanke kultuur in die lewensfeer van die Bantoe bewerkstellig nie.

### 4.2 DIE TWEEDE- OF BREë KONTAKFASE

Hierdie voortdurende kontak wat in die negentiende eeu plaasgevind het, is gekenmerk deur die politieke oorheersing deur die Blanke regerings. 'n Ewe belangrike faktor wat die tyd gekenmerk het, was die besetting van Suid-Afrika deur sendelinge van

verskillende kerke en sendingsgenootskappe. Reeds in 1904 is die getal swart Christene op 15% van die totale swart bevolking in Suid-Afrika geskat. Hierdie kersteningsproses het nie sonder probleme verloop nie.

## 4.3 DIE DERDE- OF VERSTEDELIKINGSFASE

By die Bantoe het mettertyd 'n al groter behoefte ontstaan aan die kultuurgoedere van die Blanke. Die middele om baie van hierdie kultuurgoedere te bekom, was nie in Bantoegebiede te vind nie. Daarom ontstaan daar toe 'n grootskaalse instroming uit die Bantoe gebiede na die Blanke gebiede. Die uitstroming is een van die belangrikste faktore in die akkulturasieproses van die Bantoe. Hierdie derde fase kan beskou word as die fase van sekularisasie van die Bantoe.

## 4.4 DIE VIERDE- OF REAKSIEFASE

Die Bantoe kon nie heeltemal tot die kern van die Blanke kultuur kom nie, en daarom het daar frustrasie ontstaan. Die frustrasie het aanleiding gegee tot die reaksiewyses, naamlik pogings tot indringing, nasionlistiese bewegings en ontvlugtings. Op alle terreine van die Bantoe Kultuur kom hierdie reaksies voor,

byvoorbeeld op die ekonomiese-, die maatskaplike- (waaronder onderwys, gesondheid en maatskaplike dienste), die staatkundige- en godsdienstige lewe. Vir hierdie referaat is dit nodig om kortliks die reaksie op godsdienstige gebied, uit te lig.

### 4.4.1 <u>DIE REAKSIE OP GODSDIENSTIGE GEBIED</u>

Die primitiewe Bantoe se godsdiens is vir hom met sy ganse kultuur geïntegreer, landbou word deur bonatuurlike kragte beheer, in die gesinslewe speel bygeloof en rites 'n groot rol, die hoofman verteenwoordig die stam en tree dikwels in priesterlike hoedanigheid en as bemiddellaar tussen die stam en die voorvadergeeste op. Gesondheid, voorspoed en teenspoed, reën of droogte, geluk of teleurstelling word ook gesien as iets wat magies beheer word. Die kultuurkontak waarop akkulturasie gevolg het, het die lewensinstelling van die Bantoe oor die hele linie van sy bestaan getref. Die Bantoe het in toenemende mate 'n proses van verstedeliking ondergaan wat hierdie veranderinge tot stroomversnelling verskerp het. Van die rustige tempo moes die Bantoe in een geslag, en soms letterlik oornag, oorskakel na die koorsagtige gejaag van die moderne tegnologiese beskawing in die

stad. Nog 'n gevolg was die verswakking van gesins- en stamverband. Akkulturasie het nuwe lewenspatrone, nuwe groepsbindinge en nuwe stamgevoelens ontwikkel.

Nêrens het die akkulturasieproses in Suid-Afrika sonder sending aktiwiteit gepaard gegaan nie. Die sending het self ook 'n diepgrypende lewensverandering gebring.

Op godsdienstige vlak is die Bantoe in Suid-Afrika hoofsaaklik op drielei wyse beïnvloed, nl. op spontane wyse deur die getuienis en voorbeeld van hulle Blanke werkgewers, op gedwonge wyse deur maatreëls van Blanke owerheidsweë wat die beoefening van sekere Bantoe kultuurgebruik, soos towery, verbied, en op geinstitueerde wyse deur sendingwerk en onderwys. Laasgenoemde het verreweg die grootste rol in hierdie verband gespeel. Alle sendingaksies het destruktief en negatief teenoor die belangrikste aspekte van die Bantoe se godsdienstige lewe, naamlik die voorvadergodsdiens en towery opgetree.

## 4.5 INVLOED VAN DIE STADSLEWE OP DIE BANTOE

s C J Burger (1960, p. 10 e.v.) beskryf die invloed van die stadslewe op die Bantoe. Hy sê dat die plak-

kersdorpe wat as gevolg van die ernstige behuisingsnood ontstaan het, die Bantoe-gesin erg ontwrig het. Veral die vrou is die swaarste getref want al manier waarop hulle dikwels behuising kon verkry, was om 'n seksuele verbintenis met 'n jong ongetroude man aan te gaan, en dan sy huisvesting met hom te deel.
Die Westerse beskawing se rykdomme het hulle betower sodat geld spoedig ook 'n allesoorheersende rol in sy lewe begin speel het. Onsedelikheid en die lae morele standaarde het spoedig gevolg. Dronkenskap en hoerery was aan die orde van die dag.

## 5. WAT PRESIES GEBEUR WANNEER VERSKILLENDE KULTURE MET MEKAAR IN KONTAK KOM

"Wanneer twee volksorganismes of segmente daarvan in aanraking met mekaar kom, tree 'n hele reeks prosesse in. So 'n ontmoeting moet uit die aard van die saak aanleiding gee tot onderlinge beïnvloeding op die psigiese en biologiese vlak, en tot die intrede van besondere gebeurtenisse." (Cronje, 1968, p. 10).

### 5.1 IDEë - OORDRAG EN GEDRAGSVERANDERING

Die kulture werk op intellektuele vlak prikkelend op mekaar in. Idees van ander mense, soos uit hulle doen en late duidelik word, of ook soos dit deur

spraak oorgedra word, gee verandering in gedrag. Nuwe idees word oorgeneem en dienooreenkomstig verander gedrag.

## 5.2 STEURNIS IN DIE PERSOONLIKHEIDSTRUKTURE VAN INDIVIDUE

'n Kultuurpatroon vorm nie alleen 'n geïntegreerde eenheid nie, maar die persoonlikheidstrukture van die individuele draers daarvan is ook geïntegreer, met die kultuurpatroon waarvan die draers, nalewers en uitlewers is. Kontak met ander kulture versteur die geïntegreerde eenheid.

## 5.3 STEURNIS VAN DIE VOLKSKORPUS VAN DIE GROEP WAT DIE VREEMDE KULTUUR OORNEEM

'n Volk word gekenmerk deur die feit dat die lede daarvan 'n lewenswyse en gedragsvorm het wat deur hulle kultuurpatroon bepaal word en waardeur hulle juis in 'n nouer en eie kenmerkende strukturele en organiese band saamgesnoer is. Sodra enekelinge vreemde idees begin navolg en vreemde gewoontes begin uitleef, word eertydse volksgenote vreemdelinge vir mekaar. So kom daar 'n steurnis in die innerlike balans wat in die volkskorpus bestaan het.

## 5.4 KULTUUR-OORNAME EN MAATSKAPLIKE ONTBINDING

ŉ Noodsaaklike voorwaarde vir die gesonde funksionering van ŉ liggaam is die gladde funksionering van d. onderdele daarvan. Wanneer ŉ steurnis in die sosiale struktuur intree, tree daar ŉ toestand van disharmonie in. Normaalweg verkeer so ŉ liggaam / gemeenskap in ŉ toestand van konflik, disorganisasie en onderlinge stryd. So kan ŉ proses van kultuurverandering, veral as dit te vinnig geskied, aanleiding gee tot ŉ stelselmatige barbarisering van die individue. Maatskaplike ontbinding is dan die eindresultaat.

## 5.5 REÏNTEGRASIE TOT 'N NUWE EENHEID

By die samesmelting van verskillende kulture en vreemde mense vind daar ŉ nouer verbintenis plaas en groei hulle deur ŉ proses van integrasie tot ŉ nuwe eenheid en ontstaan ŉ nuwe lewenspatroon.

## 5.6 FAKTORE WAT DIE VERLOOP VAN AKKULTURASIE BEÏNVLOED

5.6.1 Die wyse van aanraking, kultuuroorname en -oordrag.

5.6.2 Verskil in getalsterkte van die betrokke kulture.

5.6.3 Verskil in kultu ele peil.

5.6.4 Aangepastheid van die betrokke komponente aan die natuurlike omgewing.

5.6.5 Vermoë tot oorname van die kultuur van 'n ander groep.

5.6.6 Rasseverskille.

5.6.7 Beginsels van patriotisme en konservatisme.

5.6.8 Historiese faktore werksaam voor en tydens aanraking.

## 6. DIE TRADISIONELE BESKOUINGE VAN DIE BANTOE IN SUID-AFRIKA (VOOR ENIGE PROSES 'N AANVANG GENEEM HET)

Die vrugbaarste veld vir spontane sinkretisme, akkulturasie en sekularisasie is Bantoe-Afrika. Hierdie neiging spruit voort uit die primitiewe voor-christe=like wêreldbeskouing wat die lewe en denke van die tradisionele Bantoe beheers.

### 6.1 GELOOF IN 'N OPPERWESE

Die geloof in 'n opperwese is fundamenteel. Maar die opperwese is die onbekende mag wat nie deur die mens begryp word nie. "God does not live in practical religion." (Westerman, 1937, p. 65). Tog is Hy betrokke by landbou, veeteelt, reën en alles wat skeppend is. Wanneer die Swartman oor God dink, sien hy Hom as skepper en onderhouer van alles, as persoonlik

gemoeid met sy skepping, as transendent en immanent (Oosthuizen, 1978, p. 265). Kennis van die Opperwese word uitgedruk in spreuke, kort verklarings, liedere, gebede, name, mites, verhale en ander godsdienstige praktyke. God word meesal gesien as manlik, hoewel sekere volke God vroulik voorstel. Die feit is dat God by die Swartman nie slegs 'n saak van die verbeelding is nie.

Elke volk in Afrika het 'n lokale naam vir God, bv. die Zoeloe praat van Umvelingqangi, 'n Nkulunkulu (Groot-groot-Een). Die Xhosa praat van U-Dali (Skepper, die Sotho van Modimo, ens.

God se morele hoedanighede word as volg gesien: Hy is genadig, red, vertroos, is wesenlik goed. Sommige sien dit in die afweer van rampe, droogtes, pessiektes, ens. Verder word Hy geassosieer met lug, hemelruim en in krag en mag is Hy die Opperheerser. In baie gemeenskappe word Hy gesien as die son self en die sterre kan sy oë wees. Donder is sy stem, en reën is sy seën. Weerlig is sy wapen. Ook word Hy geassosieer met wind en Hy bly op die hoë berge.

Die Swartman soek nog 'n middelaar om deur hom tot God te nader. Dit wil voorkom of die voorvadergeeste dikwels die rol van middelaar vervul. (Van der Merwe, 1939, p. 7).

## 6.2 DIE WESE VAN DIE GODSBEGRIP IN AFRIKA

### 6.2.1 DIE INHOUD VAN DIE GODSNAME

Dit is huidig moeilik om die godsbegrip in Afrika te omlyn weens die invloed van die Christendom en Islam.

### 6.2.2 DIE WESE VAN DIE HOOGSTE GOD

Is God Skepper of voorouer? God is skepper en voorouer en dus familie van die mens. (Van der Walt, 1076, p. 224 e.v.). Hy is ongeskape, maar voer tot 'n persoonlike bestaan en is alsiende, alomteenwoordig, almagtig. Sy werke is ooglopend dualisties, enersyds beheers Hy die lewe, andersyds lê Sy werke op die menslike lewensvlak en is hy selfs die outeur van die kwaad. Die Bantoe se begrip van God is nie suiwer deïsties nie, maar bevat ook teïstiese elemente.

## 6.3 ELENKTIESE PROBLEME RONDOM DIE GODSBEGRIP

Oral waar met sendingwerk begin word, moet 'n woord bepaal word om die God van die Bybel se naam te bevat.

Dit is duidelik dat die gangbare naam vir die hoogste god van 'n betrokke groep aangeneem sal word, ten spyte van die gevare verbonde aan so 'n stap. Met ander woorde, die ou bekende tradisionele godskleed moet gedrapeer word met die kleed van die Bybel. Hier rondom ontstaan drie vrae:

### 6.3.1 DIE OORSPRONG VAN DIE GODSIDEE?

Die vraag is: Waar kom die godsidee vandaan? Mbiti sê (1970, p. 212) dat dit voortvloei uit die nadenke van die mens oor die heelal. Hierteenoor antwoord die elenktiek dat dit uit die algemene openbaring voortvloei (Romeine 1). Dit is God wat voor die mens te staan kom en Homself aan die mens openbaar en bekendmaak.

### 6.3.2 DIE OORSAAK VAN DIE VERVREEMDING VAN GOD

Die moeilike vraag is: waarom het die hoogste God Hom onttrek? Die elenktiek antwoord dat die sonde die mens vervreem het van God. (Rom. 1:18, 23). Dit is makliker en die weg van die minste weerstand om God ter syde te stel, as om voortdurend te weet dat hy Hom belas en verstom met tekortkominge. Vandaar

die toetrede tot afgode.

### 6.3.3 GAAN DIT OM GOD OF 'N AFGOD?

Met dié vraag word die hart van die elenktiek oopgemaak, want dat hulle met 'n afgod besig is, word nie maklik deur heidene aanvaar nie.

Die uitgangspunt van die elenktiek is dat die heiden die ware God nie ken nie. Hoewel Hy Homself aan hulle geopenbaar het, het hulle die beeld verander in 'n afgodsbeeld.

## 6.4 GELOOF IN BYKOMENDE GODE

Bykomende gode is baie prominent. Die goddelike wesens in die religieuse struktuur word egter met klein letters gespel en het geen absolute bestaan nie. Al die bykomende gode is ondergeskikte wesens wat alleen van die hoofgod ontvang. Hulle het alleenlik afgeleide outoriteit en gewoonlik is hulle name beskrywend van hul funksie. Waar sekere godhede 'n meer universele karakter het en sulke dinge soos aarde, lug, donder, son, water, ens. verteenwoordig, is die bykomende godhede maar lokaal. Tegnies is die bykomende gode net 'n middel tot 'n doel. 'n Aantal van die gode was voorouers of heldefigure wat verhef is.

## 6.5 GELOOF IN GEESTE

Oosthuizen sê (1978, p. 270) dat daar, afgesien van die gode, miljoene geeste is. Gode is geestelike wesens met 'n hoë status terwyl die geeste van 'n laer rang is en hul teenwoordigheid en handelinge manifesteer deur natuurlike verskynsels. Hulle word onderskei van die voorouergeeste. Hulle is onbeliggaamde wesens wat abnormaal klein of groot mag wees en leef gewoonlik in bome. Die geeste is meesal naamloos alhoewel hulle in elke gebied 'n gemeenskaplike naam het. Die geeste kan selfs in diere, voëls of slange ingaan om vernietiging te bewerkstellig of om persone te molesteer.

In Afrika speel die towenaar ook 'n belangrike rol en toordery is 'n ernstige en dikwels 'n ontnugterende realiteit vir die Swartman. As lewende wesens kan die geeste gestuur word vanuit die liggaam om kwaad te doen of weerwraak te pleeg en op die wyse kan ander persone na liggaam, verstand, gees of besittings skade aangedoen word. Die towenaars gebruik hul magiese kragte om kwaad te doen. Hulle verlaat hul liggame gedurende die nag en kry ook hulp van nagdiere.

In Afrika is daar 'n oneindige aantal geeste. 'n Mens kan met hulle onderhandel, of hulle kan gekontroleer word deur magie. Maar hulle word nietemin gevrees en het groot invloed.

## 6.6 GELOOF IN DIE VOOROUERGEESTE (MANISME)

Manisme is 'n suiwer religieuse verskynsel. Die voorvadergeeste het 'n ontologiese posisie tussen geeste en mense en geen dier of iets anders kan die plek inneem nie. Die wese van die manisme bestaan daarin om die voortbestaan van die familiesamehang te verseker. Die voorvadergeeste is nog steeds deel van hul families, en is die naaste skakel wat die mens het met die geesteswêreld. Manisme bestaan uit verskillende vorme: die aanbidding van leiers en konings (soos wat die familie die voorouers vereer); die gode word aanbid as die siele van mense wat reeds gesterf het en een of ander deug besit, en soms word religieuse persoonlikhede aanbid. Manisme is nie net beperk tot primitiewe religies nie.

By die dood skei siel en liggaam. Die siel behou sekere trekke van sy fisiese bestaan en neem deel aan die aktiwiteit van die gesin. Die voorvadergeeste, wat by

die naam geken word, word gewoonlik tot by die vyfde geslag onthou. Eers wanneer so 'n gees uit die geheue van die mense verdwyn, het hy finaal gesterf.

## 6.6.1 DIE MANIFESTASIE VAN DIE VOORVADERGEESTE

"Direkte kontak tussen die mense op aarde en die voorvadergeeste bestaan nie" (Van der Walt, 1976, p. 203). Die voorvadergeeste verskyn in drome, geesdiere (bv. 'n slang), vervoerings, divinasie (gebruik van sekere persone en profete), voortekens en siekte. Gewoonlik is die verkyning dan aan die oudste lede van die gesin wat sy naam ken. Hulle vra dan uit na die familiesake en waarsku diegene wat afdwaal. Die voorvaders is beskermhere van inisiasieseremonie, die tradisie, etiek en aktiwiteite van die gesin, of indien dit kapteins se geeste is, van die volk. Die voorvadergeeste ken die behoeftes van hul mense en neem wraak as hulle sleg behandel word.

Daar is verskillende kategorieë geeste - slegs die lede van 'n bepaalde gesin het deel aan die kultus met betrekking tot familiegeeste by geboorte, siekte, inisiasie, huwelike, begrafnisse, ens.

Wat die stamgeeste betref vind die volgende seremonies plaas: reënseremonies gedurende planttyd, fees van die eerste vrug, fees van oorlc , jag, visvang, en by die dood van 'n kaptein.

### 6.6.2 VORME VAN VOOROUERVERERING

Manisme neem drieërlei vorm aan. Offerhandes wat behels dat 'n heilige dier geslag word en op 'n heilige plek geoffer word. Aanspreekvorme, en die naam van 'n voorvadergees word soms aan 'n kind gegee terwyl pryslieder gesing word. Manisme hou in dat die voorouergees nie aanbid word in die volle sin van die woord nie, maar eerder vereer word.

Individualiteit word deur manisme verswelg in die kollektiwiteit, terwyl die voorouers ook die norme bepaal vir elke handeling. Die manis besef dat daar 'n geheimsinnige mag rondom hom bestaan en dat hy die mag nie kan ontkom nie.

### 6.6.3 MANISME EN MISTIEK, LYDING EN LEED

Die Swartman se religieuse belewenis is grootliks in mistiek geklee en daar is 'n mistieke band tussen ıewendes en lewend-dooies. Mistiek is die karakter

van religie. Daarmee word die sondebesef en die persoonlike omgang met God op die agtergrond geskuif.

Die manis staan neutraal teenoor dood. Dood is God se skuld en dit is nie straf nie, maar lot. Die voorouers is die oorsaak van dood en ellende.

### 6.6.4 WIE KWALIFISEER OM VOOROUERGEESTE TE WEES?

Gewoonlik word die wat op aarde mag besit, soos die gesinshoof, dieoudstes, die kaptein of opperhoof tot die voorvadergeeste gereken. Maar hulle moet ook 'n afstammeling hê in wie se geheue hulle kan voortleef.

### 6.6.5 ELENKTIESE LYNE MET BETREKKING TOT DIE MANISME

Die hele kultus is dodelike erns vir die manis en dit omvat sy ganse bestaan in lewe en dood. Wie dit nie so sien nie, sal moeilik toegang tot sy hart kry.

Daar moet aangesluit word by die gewete. Die gewete van die Swartman dra nie 'n etiese lading van goed - kwaad nie, maar is ingestel op vrede met homself. Die gewete moet verlig word en ingestel word weg van die norme van die voorouers na die Wet van God.

Die religieuse dualisme bly 'n probleem. Sy Christelike gewete funksioneer maar versink en dwing hom nie werklik nie. Hy koester wel vrees vir siekte, eensaamheid ens. maar deurgrond dit nie. Die Christelike religieuse bewussyn groei eers na 'n lang proses van worsteling met die Christelike leer.

Die begrip van sonde en skuld is skaars. Manisme is ten diepste sonde teen God, want dit is afgodery en as sulks 'n oortreding van die eerste gebod. Die Heidelbergse Kategismus stel dit so, wanneer die eerste gebod aan die orde kom (vraag 94): "Dat ek, so dierbaar, as my die saligheid van my siel is, alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van die heiliges of van ander skepsele moet vermy en dit ontvlug, en die enige ware God moet leer ken, Hom alleen moet vertrou, in alle ootmoedigheid en lydsaamheid my aan Hom alleen moet onderwerp, van Hom alleen alles wat goed is moet verwag, Hom van ganser harte moet liefhê, vrees en eer, sodat ek eerder van alle skepsele sal afsien en dié laat vaar as dat ek in die allerminste teen Sy wil sal handel."

Leiding tot sondebesef verg groot noukeurigheid en geduld. Maar die loskom van manisme is slegs moontlik

deur die werking van die Heilige Gees. Alleen deur die Gees bring God mense tot wedergeboorte en herstel Hy die verwronge beeld in die mens.

## 6.7 MAGIE

Daar is "goeie" en "slegte" magie. Eersgenoemde word gebruik om siekte te genees, reën te maak, die bose af te weer, toordery af te weer en dit word hoog aangeskryf. Dit word in vele vorms aangewend soos gelukbringers, bande om die gewrigte gemaak van tier- of leeuvel, poeier, lappe, vere, insnydinge in die liggaam, ens. Huise, families, landerye, vee en ander besittings word daardeur beskerm, jag word suksesvol gemaak, en reise voorspoedig. Daar word medisynetakke by die deur van die hut geplaas. Al hierdie dinge verleen beskerming en die oorgrote meerderheid, tot 85% van die inwoners van Soweto (Oosthuizen 1978, p. 275) glo daaraan. In die Separatiste kerke speel magie nog 'n groot rol, want magie wil die bonatuurlike kontroleer en daar word geglo dat die mens dit kan doen.

Godsdiens is vir die Swartman baie nou verbonde aan magie. Albei aanvaar die transendentale mag en maak dit 'n basis van handeling. Die religieuse mens is

oortuig dat sy lot nie in sy hande is nie, maar in dié van hoër wesens. Die magiese mens wil egter die magte tot sy eie voordeel gebruik. Godsdiens spreek tot een wat luister, hoor en aanvaar. Magie het te doen met geheime argaiese taal en eiesoortige uitdrukkinge en probeer langs geheime weë sy doel bereik.

By gebed is daar dikwels ŉ herhaling van woorde en die streng nakoming van die ritueel is baie belangrik anders affekteer dit die uitwerking. Swart magie of slegte magie wil positief die bose doen en bevorder.

6.7.1 MAGIE EN RELIGIE

Malinowski (1925, p. 81) maak ŉ vyfledige verskil tussen magie en religie.

6.7.1.1 Magie is "a practical art consisting of acts which are only means to a definite and expected to follow later". Religie is "a body of self contained acts being themselves the fulfilment of their purpose."

6.7.1.2 Magie het ŉ beperkte en voorgeskrewe tegniek terwyl religie vryliker beoefen word en ŉ algemene strekking het.

6.7.1.3 Magie is eenvoudig in sy funksie en wese terwyl religie 'n komplekse verskynsel is.

6.7.1.4 Magie is geleë in die hand van een persoon terwyl religie 'n aangeleentheid vir almal is.

6.7.1.5 Magie bevat die teenstelling tussen wit en swart magie terwyl die primitiewe religie nie die teenstelling het nie.

## 6.8 MEDISYNE

Dit is moeilik om die medisyneman of "dokter" presies te omskryf omdat hulle 'n eiesoortige kategorie is. Hulle gebruik 'n eie taal met eie simbole en het 'n kundigheid en kennis wat net aan hulle kollegas bekend is. Hulle ontvang gewoonlik hulle roeping van die voorvadergeeste en kan mans sowel as vrouens wees. Hulle ondergaan 'n soort opleiding by 'n leermeester waar hulle kennis opdoen van die mediese waarde van plante, vrugte, grasse, poeiers, wortels en ook van die rol van voëls, insekte, liggaamsdele van diere, ens.

Die medisyneman het bo alles te doen met die genesing van siektes en die versorging van persoonlike rampe. Medisyne se doel is om die liggaam te help om homself te help. Magie vind 'n plek in die beoefening van medisyne maar vorm nie die basis daarvan nie. Gewoonlik gaan die uitreiking en aanwending van medisyne gepaard met 'n ritueel. Die gebruik van medisyne geskied dus binne 'n godsdienstige sfeer. Godsdiens bly noodsaaklik vir genesing en daarom speel genesing so 'n groot rol in die separatistiese bewegings.

## 6.9 MEDIUMS EN WAARSêERS, REëNMAKERS, PRIESTERS EN PROFETE, REGEERDERS

### 6.9.1 MEDIUMS EN WAARSêERS

Mediums is meestal vrouens en waarsêrs mans. Hulle resorteer ook onder die kategorie van medisynemanne, en hulle konsentreer op skakeling met die voorvadergeeste en geeste in die algemeen. Waarsêers kry 'n opleiding, wat 3 tot 7 jaar kan duur, in verband met die praktyke, rituele en kultusse van waarsêery. Die meeste waarsêers het 'n intermediêre funksie tussen die menslike en geestelike, vir die saak van sy eie gemeenskap.

### 6.9.2 REëNMAKERS

Hulle neem 'n belangrike plek onder die Swartman in en hulle handel op grond van bonatuurlike krag wat hulle ontvang. Oor die algemeen is hulle goed ingelig oor die weer. Reën is so belangrik dat sommige van die gode hierna vernoem is. Reën is verder 'n diep godsdienstige aangeleentheid en diegene wat dit regkry om reën te verkry, word godsdienstig hoog aangeskryf. Magie speel hier ook 'n groot rol.

### 6.9.3 PRIESTERS EN PROFETE

Die priester is die hoofmiddelaar tussen die gode en die mens en hy is die godsdienstige simbool van die gode onder die volk. Elke priester is op probasie vir sewe jaar of langer. In Suid-Afrika word die priesteramp meesal deur die hoof van die gesin volvoer. Elke gemeenskap het "oudstes" wat voorgaan tydens die rituele seremonies. Die profetiese is deel van bogenoemde amp en daar bestaan nie juis 'n spesifieke profeteklas nie.

### 6.9.4 REGEERDERS

Die regeerder se politieke funksie staan onder leiding

van die koninklike voorvaders en die gode. Hulle is die simbool van die volk se status, aansien, krag en voorspoed. Die regeerders het 'n sakrale posisie en word anders behandel - in sommige gemeenskappe mag hulle nie gesien word nie, en word hulle gedra waar hulle wil wees. Alles wat van sy liggaam kom, moet begrawe word omdat die vyand dit kan gebruik.

In sommige gemeenskappe is sy vroue, slawe, vee en alle ander besittings saam met hom begrawe en alles is as heilig beskou.

7. DIE PRIMITIEWE WêRELDBESKOUING VAN DIE BANTOE

Grondliggend van die lewens van alle primitiewe volke is die begrip "Strengthening of life". Die mens is in die sentrum.

7.1 LEWENSKRAG AS FUNDAMENTELE BEGRIP

Lewenskrag is die hoogste waarde, die uitgangspunt, die hoogste vorm in die filosofie van die Bantoe. Die vergoddelikte geeste van die eerste stamvaders het hulle eie, buitengewone krag as eersgeborenes van die mensgeslag. Afgestorwenes is van betekenis in soverre hulle hul lewenskrag in hulle nakomelinge

versterk. Die bring van voedsel offers speel 'n belangrike rol in die versorging van die afgestorwenes. Dit verseker die lewendes van voorspoed en geluk.

7.2 LEWENSGROEI

Die Bantoe glo dat die natuur, die wese van 'n ding, kan verswak of versterk word. Hulle glo ook aan die voortbestaan van die siel na die dood.

7.3 LEWENSINVLOED

Een wese kan 'n ander beïnvloed. Hierdie beïnvloeding is nie meganies, chemies of fisies nie en vloei uit die wesens self voort. Magie speel hier 'n belangrike rol. Magie word verdeel in wit en swart magie. Eersgenoemde soek die goeie vir mens terwyl laasgenoemde altyd die slegte en vernietigende wil doen. "Magie wil altyd toegang hê tot en beheer uitoefen oor die kragte wat sterker is as hyself" (Van der Walt, 1976, p. 184). Die Bantoe sien magie as die natuur soos God dit gemaak het ten dienste van die mensheid. Die towery of swart toorkuns is hiermee vervleg. Die "nanga" (toordokter) is die ingewyde in die beheer en aanwending van die krag. Hy wend die kragte aan tot versterking van die mens se lewenskrag en hy

wend nadelige invloede af.

## 7.4 LEWENSRANG

By die Bantoe is die kragte ingedeel in soorte ooreenkomstig hulle lewenssterkte. God is bo alle kragte en onder Hom staan die eersgeborenes onder die mense, nl. die stamouers. Hierdie stamouers word later vergoddelik. Naas die stamvaders word die ander afgestorwenis gerangskik, daarna ook die lewendes. Die lewenskrag van die groep is vir die Bantoe belangriker as dié van die individu. Hieruit spruit die neiging tot menseoffers en rituele moorde. Die kaptein is vir die stam die bron van lewenskrag. Die hele kapteinskapsbegrip is met die kragbegrip en voorvaderkultus deurweek. Die kaptein word baie hoog geag en die onderdane spreek hom dikwels aan as: "My god, wat ek liefhet". Naas die lewenskragte van mense staan vervolgens die kragte van diere, plante en minerale.

## 8. ENKELE ANDER ASPEKTE VAN DIE RELIGIEUSE GELOOFSWêRELD VAN DIE SWARTMAN (VAN DER WALT, 1976, p. 170 v.v.)

Baie belangrik is die feit dat die komponente van die geloofswêreld van die Swartman nie eenvormig is nie.

Die geheel is nie 'n optelsom van die onderdele nie. Telkens tree een of ander komponent na vore.

8.1 DIE BEGRIP "SIEL"

Met "siel" word daar baie nuanseringe verstaan, bv. 'n skaduwee-siel, manlike en vroulike siele, ens. Siel moet nie as die teenstelling van liggaam gesien word nie, maar eerder as die totale mens in sy geestelike bestaan. Siel is dus die ware mens.

8.2 DIE DOOIES EN DIE DODEWêRELD

Daar is 'n groot verskeidenheid van voorstellings oor die aard van die dodewêreld. Soms word geglo dat die dooies op aarde by die lewendes is, soms onder die aarde, in die hemel, ens.

8.3 GEESTE EN DEMONE

Die hele natuur word as besield voorgestel. Daarby is daar baie demone wat by wyse van ritueel, met gebruik van maskers, verban of tot hulpverlening gedwing kan word.

## 8.4 TABOE

Sekere substansies en situasies word vermy omdat dit ŉ skadelike krag besit bv. sekere kosse of situasies vir ŉ vrou gedurende swangerskap.

## 8.5 TOTEMISME

Hiermee word bedoel dat ŉ persoon of ŉ groep glo dat hy afstam van die totem, ŉ plant of dier en dat die totem hom moet beskerm. Die totem van die Tswana is byvoorbeeld die krokodil of duiker.

# 9. DIE SIONISME AS VOORBEELD VAN SINKRETISME, SEKULARISASIE EN AKKULTURASIE

## 9.1 WAT IS DIE SIONISME?

Baie mense trek die wenkbroue op wanneer hulle hoor van die Sionisme onder die swart volke in Afrika. Want oor die hele wêreld dink mens wanneer hulle die woord Sionisme hoor, aan die Joodse Sionisme: die beweging van Jode om terug te keer na Israel, na Sion. Maar Sionisme onder die swart volke het niks hiermee te doen nie. Dit is ŉ verskynsel wat net in Afrika onder die swart volke moontlik is. Dit word Sionisme genoem omdat die naam "Zion" so dikwels voorkom in

die name van hierdie onafhanklike swart kerke, bv. "African Apostolic Church of Christ in Zion", "African Baptist Church in Zion", "African Catholic Apostolic Church in Zion", en honderde ander.

In Suid-Afrika is daar meer as drieduisend van hierdie onafhanklike swart kerke, met 'n totale ledetal van om-en-by die vier miljoen. In baie dele van die land is hierdie groepe veel meer aktief en het hulle 'n groter aanhang as die protestantse kerke. Die grootste groepe is die Z.C.C., die "Zion Christian Church" van Lekganyane in Noord-Transvaal, en die "Nazareth Baptist Church" van Jesaiah Shembe in Natal, waarvan die ledetal saam in die honderduisende tel. "Historically the Zionists have their roots in Zion City, Illinois, United States. Ideologically they claim to emanate from the Mount of Zion in Jerusalem. Theologically the Zionists are now a syncretistic Banto movement with healing, speaking in tongues, purification rites, and taboos as the main expressions of their faith. There are numerous denominational, local and individual variations in Zionist groups, and every zionist prophet is anxious to point

out some speciality through which his church stands out from the rest" (Sundkler, 1964, p. 54 & 55).

Wat is die aard van hierdie genootskappe nou eintlik? Hoe verskil hulle van die bekende Christelike kerke? ŉ Mens kan dit in een sin so stel: Die meeste van hierdie genootskappe is ŉ vermenging van die Christelike godsdiens met die ou Bantoegodsdiens. Die invloed om die ou Bantoegodsdiens is by sommige sterker as by ander. Dit is dus juis die rede waarom hierdie groepe soveel byval vind by die Bantoe, want jy hoef jou nie van die heidendom te bekeer om daarby aan te sluit nie. Jy kan net die vernis van Christelikheid oor die ou geloof smeer en die ou dinge behou. Die Bybel antwoord hierop in Mattheüs 6:24 - "Niemand kan twee here dien nie; want of hy sal die een haat en die ander liefhê, of hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God en Mammon dien nie."

## 9.2 ELEMENTE VAN DIE BANTOEGODSDIENS IN DIE SIONISTIESE GROEPE

Die eerste en mees kenmerkende is die feit dat verskillende godsdienste as't ware "gemeng" kan word. Die toordokters van die Zoeloes het ŉ gebruik wat

hulle "ukutkaka" noem. Dit beteken dat die een dokter die medisyne van 'n ander dokter by sy eie voeg in die geloof dat die mengsel van hulle twee se medisyne dubbel so sterk sal wees as dié van een alleen. So "thaka" die Sionisme die ou Bantoe-godsdiens en die Christelike godsdiens in die geloof dat die resultaat ook dubbeld so sterk sal wees as elkeen afsonderlik. As jy die toordokter se medisyne kan gebruik en Sondag ook nog die kind die hande laat oplê, of geseënde water van die profeet aan hom kan gee, kan jy sy siekte dubbel so goed bestry. Op dieselfde manier kan jy dubbeld so goed jouself teen towery beskerm, of jou sukses in die eksamen of in die werk verseker, deur van sowel die toordokter se medisyne as van die kerk se gebed gebruik te maak.

Die elenktiek antwoord hierop: Die Bybel leer ons dat ons nie twee here kan dien nie. Elia noem hierdie godsdienstige draadsitting "op twee gedagtes hink". 'n Mens kan nie naas Christus jou vertroue op nog iets vestig nie. Jy moet KIES. (vgl. hier ook Matt. 6:24).

Maar die Sionisme vermy hierdie keuse. Hulle probeer liewer op altwee stoele sit. Dus neem hulle die ou

gelowe en gebruike en gee nuwe name daaraan.

"These groups have a distinct Pentacostalist basis." (Pauw, 1075, p. 300). Hulle praat van profesie, maar dit beteken net 'n vorm van waarsêery, soos bv. die uitruik van hekse wat die siektes veroorsaak.

Hulle sogenaamde gebedsgenesing is meesal 'n vorm van towery. Die profeet laat die sieke water drink wat deur die groot biskop geseën is. Nie bekering en geloof is belangrik nie, maar die medisyne EN die gebed waarborg genesing.

Daar bestaan 'n sterk nadruk op rang onder die Sionisme, net soos dit tradisioneel was. Die rangordebeginsel word dus die kerk ingedra en die kerk word ingedeel in verskillende ampte waarvan die een soos op 'n trapleer bo of onder die ander staan: biskop, superintendent, predikant, evangelis, helper, prediker, ens. Elke amp het ook sy eie ampsgewaad.

Die taboe word ook by die Sionistiese kerke baie sterk toegepas. Die grootste sonde is nie oortreding van die wet van God nie, maar van 'n taboe. Selfs die Nagmaal word deur sommige as taboe beskou

met ŉ beroep op 1 Korinthiërs 11, 29, 30. Hulle sê die gebruik van so ŉ gevaarlike maaltyd kan siekte en dood veroorsaak.

Nog iets wat mens by Sionisme kry, is die sogenaamde spreek in tale. Hulle sê dit is onder leiding van die Heilige Gees, maar dit bestaan meestal uit ŉ aangeleerde rympie woorde uit verskillende tale, gepaard met snork- en brulgeluide, presies soos by die ou besetenheidskultusse van die Bantoe. In laasgenoemde kultusse word geglo dat die gees van die een of ander voorvader of voormoeder van ŉ persoon besit neem, en dat hy dan die taal praat wat daardie persoon destyds gepraat het toe hy nog geleef het.

By die meeste van hierdie groepe speel die Bybel ŉ geringe rol. Jesus Christus, en die eenheid van Sy kerk, is soms van minder belang as die Bantoe-messias, of as die tradisionele gebruike.

## 10. DIE PRIMITIEWE LEWENS- EN WêRELDBESKOUING VAN DIE SIONISME

Sinkretisme is die wese van die Sionisme. Dit is die dryfkrag agter, en die geheim van die sukses van die sektes. Die Sionisme is ŉ toepassing

van die kragbegrip by die Bantoe.

## 10.1 LEWENSKRAG AS FUNDAMENTELE BEGRIP

### 10.1.1 HOUDING TEENOOR GOD EN GEBEDE

In die gebede van die Sionisme kom die titel "Ramaanda", (Vader van krag) vir God, telkens voor. Die frases: "Beskerm ons! Seën ons! Gee ons krag!" word eentonig herhaal.

### 10.1.2 ETIEK

Goed en kwaad hang nie saam met wat heilig en onheilig is nie, maar hang af van die lewenskrag van die sektelidmaat en in besonder van wat die sekte as geheel bevorder of nie. "The concepts of good - bad thus become relative, not absolute, and in understanding the magic of West Africa from which New World Negro magic has derived, we can better understand why, of all Africanisms, this element of belief has most persisted in the morses of Negro life everywhere in the New World". (Herskovitz, 1941, p. 74).

Reinheid en geregtigheid is van minder belang terwyl sonde die oortreding van die wette van die sekte is. Baie vroue is 'n aanduiding van lewenskrag. Die sewende gebod word nie in die Z.C.C. genoem langs die wette van die sekte nie.

## 10.2 LEWENSINVLOED

### 10.2.1 TOORDOKTER EN PROFEET

Die leier, voorganger of profeet van die sekte neem dieselfde plek in as die tradisionele toordokter.

### 10.2.2 GEBED

Die gemeenskap met God staan in die gebed heeltemal op die agtergrond, bv. die smeking om vergifnis, lofprysing en voorbidding. Die sentrale tema is krag, bewaring, seën. Verder is die inhoud van die gebed onbelangrik, behalwe dat die met kragbelaaide Godsnaam baie herhaal word. 'n Vereiste vir 'n kragtige gebed is dat dit flink en vinnig moet wees en tot 'n klimaks van volume en spoed moet opwerk.

### 10.2.3 NAME

Daar bestaan 'n voorliefde vir name wat luidklinkend is en ten minste 'n woord uit die Bybel bevat.

10.2.4 DOOP

Hulle beswaar teen die meeste kerke is die doop deur besprenkeling. Vir hierdie standpunt beroep hulle hulle op die Skrif. Aan die anderkant geld bekering en geloof in die vergewing van sonde deur die bloed van Christus nie as vereistes om gedoop te word nie. Hierdie ritualistiese tendens het die Woordverkondiging op die agtergrond geskuif. Water en vuur het vir hulle reinigende krag.

10.2.5 HANDOPLEGGING

"Genesing" deur handoplegging word gereeld beoefen.

10.2.6 DANS EN BESWERING

Religieuse danse in verskillende vorme kom by alle Sionistiese sektes voor. Dit is niks meer as die opwekking van emosie nie waartoe die wilde trommelslae meewerk. Dans word dan ook gebruik as beswering, bv. van siektes.

10.3 LEWENSRANG

10.3.1 GROEPSBELANG

Die prediking is veral op die versterking van die groep gerig. Die Skrif word wel gelees maar die "preek" dwaal af tot die krag van die groep.

10.3.2 LEIERSKAP EN WETTE

Die kapteinskapidee bly voortleef. Die sekteleier is die kaptein van die nuwe, nie-etniese stam en as religieuse kaptein staan hy nader aan God as sy onderdane. Hy kan ook wette maak volgens goeddunke. Die Z.C.C. handhaaf die Ou Testamentiese voedselwette.

10.4 DIE MENS AS SENTRUM

Die mens staan in die sentrum by die Z.C.C. God is daar bloot net om hulle te versorg. Dit blyk duidelik uit die motiewe vir aansluiting by die beweging - nooit is dit die oortuiging van die waarheid nie, maar dit gaan om tydelike voordeel wat daaruit geput word.

11. DIE SENDINGBENADERING IN HIERDIE TYD

11.1 VERKONDIGING VAN DIE KONINKRYK WAT REEDS GEKOM HET

Dit is 'n bedekte seën dat, terwyl die sekularisasie nog nie in al sy konsekwensies 'n deurbraak onder die Afrika-bevolking behaal het nie, aan ons (Blanke) en hulle nog die tyd gegun word om uit die ervaring van die Westerse Christendom te leer hoe om die sekulêre mens met die Woord van God te benader.

Die Evangelie wil in onderskeiding van filosofie, leerstellinge, ideologieë en ander godsdienste, nie 'n teoretiese uiteensetting gee nie. Dit wil nie net 'n nuwe godsdienstige en ander insigte gee nie, maar dit is ook 'n openbaring van die vervulling van die Skrifte deur die Messias, waaruit blyk dat Christus die Messias is van wie die Skrifte spreek en sy verlossingswerk die werk is van die Messias, soos dit voorsê is.

Dit is 'n boodskap, 'n proklamasie van wat in die volheid van die tyd gebeur het, van die versoening en die Ewige Lewe wat Christus reeds bewerk het en verwerf het.

Die mens moet volgens Paulus tot in sy denke vernuut word. (Rom. 12:2) Die mens word geroep om te glo dat Christus die Koninkryk van God gebring het en verder tot sy volle heerlikheid sal bring. Dit is die boodskap wat aan die wêreld verkondig moet word. Hierdie Koninkryk het nie net betrekking op die siel van die mens nie, maar op die hele mens in sy ganse lewe.

11.2 CHRISTELIKE VOORBEELD

Die gevaar bestaan dat die gelowige self-gesekulariseer kan word, sodat die Koninkryk van God bedek en verduister word. Om dit te verhoed is dit absoluut noodsaaklik om self uit die geloof te leef, nl. dat die gelowige in Christus en Hy in die gelowige is.

11.3 DIE BENADERING

11.3.1 VOORUITGANG MOET BEVORDER WORD

Die Christen moet hom nie van tegnokratiese ontwikkeling onttrek nie. Die kultuurtaak waarin alle aktiwiteite van die mens inbegrepe is, lê reeds in die Skeppingsopdrag van God om oor die aarde te regeer. Die Bantoe moet aangemoedig word om sy Godgegewe kultuurtaak uit te voer en die Blanke moet hom daarin bystaan.

11.3.2 VERANTWOORDELIKHEIDSBESEF

Hier is dit belangrik om te noem dat die Christen homself vir sy dade verantwoordelik hou aan God en nie aan die voorvadergeeste of enige iemand anders nie. Die individu moet voor God gestel word.

11.3.3 DIE BANTOE-BYDRAE IN DIE KONINKRYK VAN GOD

## 11.3.3 DIE BANTOE-BYDRAE IN DIE KONINKRYK VAN GOD

Die Christendom word nie geroep om vir een wêreldbeskawing en kultuur te werk nie. God is nie net God van een kultuur nie. Die Bantoe het ook 'n belangrike roeping om te vervul. Hulle is saam met die blanke ook burgers van die Koninkryk van God.

## 12. DIE GRONDSLAG VAN DIE SENDING

Sending moet nie gedoen word uit medelye of enige ander menslike oorweging nie. "De grondslag voor die Zending is, dat God van het begin af aan de gehele wereld in zijn heilsplan betrokken heeft, dat Christus een verzoening is voor de sonden der gehele wereld, dat Zijn liefde daarom dringt en er een dwang op ons is. Wanneer Christus in ons leeft, dan doen wij vanzelf zendingwerk". (Bavinck, 1953).

## 12.1 DIE BYBEL EN DIE BANTOE

Van der Walt sê (1970, p. 57 e.v.) dat die Bybel, as die geopenbaarde Woord van God, van fundamentele belang is ten opsigte van die groei van die kerk onder die Bantoe, hulle kerstening en die aftakeling van die Bantoe heidendom.

## 12.2 WAT DIE BYBEL IS

Die Bybel is die Woord van God - die vleesgeworde Woord, Jesus Christus. Die Bybel bevat die wil van God volkome. Daarby word alles wat die mens moet glo tot sy saligheid, daarin genoegsaam geleer.

## 12.3 KOMMUNIKASIE MET DIE BANTOE

In die sendingonderneming is dit God wat spreek tot die Bantoeheiden. Sending hou in dat daar kommunikasie plaasvind met die Bantoe, dat die Bybelwoord aan hom gebring word. Dit kan alleen gebeur op grond van die verkiesende en bewarende genade van God.

Die Bantoe, wat die Bybelboodskap ontvang, beskik oor 'n eie kommunikasiestelsel, waarvan sy taal die belangrikste element is. Daarmee saam gaan ook verdere simbole soos gebare, gedragswyse, gebruike, ens. Ook die samelewing en milieu waarin hy hom bevind het 'n invloed op hom. 'n Deeglike antropologiese kennis van die Bantoe kultuur is dus baie noodsaaklik vir die sendeling.

Die Evangelie stel die Bantoe voor die antitese van sy gebruike en geloof. Daardeur bring die Evangelie

'n krisis te weeg en eis om radikaal te breek met die eie magiese geloof en praktyk. Dit eis sy antwoord op die prediking: So sê die HERE Here. Dit gaan om die geloof in die opgestane Jesus.

## 12.4 KERK EN BYBEL ONDER DIE BANTOE

Die duiwel sal vanselfsprekend nie sy heersersgebied maklik prysgee aan die Evangelie van Jesus Christus nie. Kerk Evangelie en Christendom kom voor 'n muur van verset te staan. Bybel en kerk is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Sonder die Kerk kan die Bybel as toorboek beskou word of as 'n handboek van die duiwel. Buite die kerk, verloor die Bybel sy ware gebruik. Die liggaam van Christus, die kerk is die draer van die Evangelieboodskap. Die kerk moet toesig hou dat die prediking van die woord suiwer aan die gemeente gepreek word.

## 13. AANKNOPINGSPUNTE VIR DIE EVANGELIE BY DIE BANTOE

Daar bestaan wel aanknopingspunte in die Evangelie by die Bantoe-kultuur. Om aanknopingspunte te soek is goed en selfs noodsaaklik, maar om hom net op sy eie lyne te ontwikkel, sal hom al hoe verder van die Christendom verwyder. Daar heers groot verwarring

in die sendingvelde vir die aanknopingspunte. Sommige kerke laat dinge toe wat andere afkeur. Een van die mees voor die handliggende aanknopingspunte, is natuurlik die diere wat die Bantoe gedurig offer. "Hier is ŉ groot veld van moontlikhede en kan die sendeling verduidelik dat Jesus se hart deurboor is aan die kruis en dat Hy daarby uitgeroep het, My God my God waarom het U my verlaat! Sy doodsgeroep is in die hemel gehoor en die antwoord is sodat ons nooit van God verlate sal word nie!" (Oosthuizen, 1939, p. 174).

14. DIE GEESTELIKE TOERUSTING VAN DIE SENDING VIR SY TAAK

Die woorde in 2 Kor. 5:14 "Die liefde van Christus dring ons" is baie belangrik. Ook 1 Kor. 9:16; "Want die dwang is my opgelê en wee my as ek die evangelie nie verkondig nie." ŉ Sendeling moet akademies, teologies en praktiese opleiding hê. Hy moet ŉ man van die Woord wees - met ander woorde hy moet omgaan met die Bybel. Daarmee saam moet hy ŉ man van gebed wees en dus beide bidder en voorbidder wees. Hy moet, soos Henog met God wandel en homself oefen in geloofsgemeenskap met God.

Die sendeling se ganse siel moet vervul wees met die ideaal van die heerlike Godsryk wat verrys uit die puinhope van gevalle mensheid.

Soos Calvyn is sy verklaring van die Onse Vader in sy Institusie, deel III, aangaande die uitbreiding van die Koninkryk van God skryf, moet die sendeling dit nadoen: "En ons bid dat dit daeliks sal gebeur, sodat God sy kerk uit alle wêrelddele sal versamel; dat Hy dit sal uitbrei en vermeerder; dit met Sy gawes sal verryk en dit in goeie orde sal bevestig" (Duvenage, 1978, p. 337).

## 15. TEN SLOTTE

Alleen as die Sionis en sy geloof met respek behandel word, kan iets met hom bereik word. Om te wys met jou eie lewe, hoe die ware Evangelie die lewe van 'n mens kan verander en veredel, is die beste argument teen enige dwaalleer. Die sendeling moet met sy lewe betuig dat elke daad en ding te doen het met God in Jesus Christus; huwelik, siekte, dood, saaiery, oes, ens.

Die waarheid van die Christelike geloof hoef nooit deur die sendeling bewys te word nie. Die Heilige Gees, wat geloof in dooie harte werk, bevestig ook daardie geloof.

1 Kor. 3:6 - "Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei."

## 16 LITERATUURLYS


16. BARNETT, H.G. 1953 — Innovation - the basis of Culture change. New York. 190 p.

BAVINCK, J.H. 1953 — College Zendings - Wetenschap.

BAVINCK, J.H. 1954 — Inleiding in die Zendingswetenschap. Kampen, Kok. 309 p.

BAVINCK, J.H. 1948 — Zending in een wereld in nood. Wageningen, Zomer en Keuning's Uitgewersmij. 230 p.

BOSHOFF, C.W.H. 1968 — Kerk en Sending onder die Bantoe van Suid-Afrika in 'n eeu van Sekularisasie en Sekularisme. (Ongepubliseerde proefskrif - Universiteit van Pretoria) 525 p.

BOUQUET, A.C. 1958 — The Christian Faith and Non-Christian Religions. New York, Harper Publishers. 123 p.

BROUWER, K.J. 1951 — Zending in een gistende wereld. Amsterdam, G.J.A. Ruys uitgewersmij. 136 p.

BURGER, C.J. 1960 — Die Verhuising van die Bantoe na die stad en sy bearbeiding in hierdie Vreemde Omgewing. Op die Horison, 22(3) : 6 - 22, Sept.

BURGER, H.G. 1966 — Syncretism, an Acculturative Accelerator. Human Organization, 25(2) : 102 - 115.

CRONJE, G. 1968 — Kultuurbeïnvloeding tussen Blank en Bantoe in Suid-Afrika. Pretoria, van Schaik. 158 p.

DE VOS, H. 1962 — Het Christendom en de andere Godsdiensten. Nijkerk, Callenbach. 133 p.

DU PLESSIS, H. 1968 Die Kerstening van die Bantoe in 'n tyd van Sekularisasie en Sekularisme. Sendinwetenskap Vandag, 1(1): 63 - 91.

DUVENHAGE, A. 1978 Die Institusie van Calvyn. Pretoria, N.G. Kerk Boekhandel. 550 p.

HANEKOM, C. 1975 Krisis en Kultus. Kaapstad, Academica. 119 p.

HERSKOWITZ, M.J. 1941 The Myth of Negro Past. New York, Harper and Brothers. 175 p.

KRAEMER, H. 19? De ontmoeting van het Christendom en de Wereldgodsdiensten. Gravenhage, Boekencentrum. 63 p.

KRAEMER, H. 1956 Religion and the Christian Faith. London, Butterworth Press. 480 p.

KRUGER, M.A. 1971 Die Zion Christian Church. (Ongepubliseerde Verhandeling - P U vir C H O). 199 p.

MALINOWSKI, B. 1925 Magic, Science and Religion. (In Needham, J. red. Science and reality. London, Sheldon Press. 369 p.)

MBITI, J.S. 1970 Eschatology. (In Dickson, K.A. en Ellingworth, P. red. Biblical Revelation and African Beliefs. London, Lutterworth Press. 191 p.)

OOSTHUIZEN, G.C. 1978 Godsdienste van die wêreld. Pretoria. N.G. Kerkboekhandel. 384 p.

OOSTHYSEN, J.C. [illegible]39 Aanknopingspunte vir die Evangelie by die Bantoe. Op die Hori[illegible]on 1(4) : 171 - 174, Okt.

PAUW, B.A. 1975 Christianity and the Xhosa Tradition. London, Oxford University Press. 390 p.

SNYMAN, J.W. 193[illegible] Calvinisme en die Sendinq. Die Gereformeerde Vaandel. 4(4):118 - 123, Feb.

SUNDKLER, G.M. 1[illegible]54 Bantu prophets in South Africa. London, Oxford University Press. 381 p.

VAN DEN BERG, M.[illegible]. 1966 Snycretisme als Uitdaging. Amsterdam, Buijten en Schipherheijn. 81 p.

VAN DER MERWE, [illegible]. 1939 Die Godsbegrip van die Wakaranga. Op die Horison 1 (1) : 4 - 8, Jan.

VAN DER WALT, I.[illegible]. 1970 Die Bybel en die Bantoe. Die Goue Kandelaar, 9(1) : 57 - 60

VAN DER WALT, I.[illegible]. 1976 Godsdiens - Etnologie of Etnologiese Religiekunde. (Ongepubliseerde Verhandeling - PU vir C H O) 360 p.

VAN RIESSEN, I.[illegible]. 1971 Mondigheid en die Machten. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn. 236 p.

WESTERMANN, D. [illegible]32 Africa and Christianity. London, Lutterworth, Press. 131 p.

WILSON, M. 197[illegible] Religion and the Transformation of Society. Cambridge, University Press. 170 p.